# GEDAGTENIS, VERKONDIGING EN GEMEENSKAP AS ASPEKTE VAN DIE NAGMAAL

G.J.C. Jordaan
Departement Nuwe Testament
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys
POTCHEFSTROOM

**Abstract**

*COMMEMORATION, PROCLAMATION AND COMMUNION AS ASPECTS OF THE LORD'S SUPPER*

*In 1 Corinthians 10:16,17 and 11:25,26 the apostle Paul refers to three aspects of the Lord's Supper, viz. commemoration, proclamation and communion. Close examination of these passages reveals important evidence for the understanding of the three stated aspects. At the institution of the Supper Jesus said: "Do this in my memory." By these words he did not mean his personal memory nor a mere remembrance of the historical event of his crucifixion, but the commemoration of the meaning of his crucifacion, i.e. our salvation and redemption. The Lord's Supper does not only serve as a proclamation of the Lord's death, per se, but also as an injunction to public proclamation of his death. This public proclamation consists of either singing his praise after celebration of the Lord's Supper or making known his grace by word and deed in our daily life. By the bread and wine of his Supper the Lord reassures us of an already existing communion between Him and us; and of the union between ourselves as believers.. This union of believers is a condition as well as a result of the celebration of the Lord's Supper.*

In die eerste brief aan die Korintiërs het die apostel Paulus belangrike gegewens oor die Nagmaal van die Here neergeskryf. Soos Matteüs, Markus en Lukas het ook hy 'n beskrywing gegee van hoe die Here Jesus die Nagmaal ingestel het (1 Korintiërs 11:24,25). Maar benewens die Nagmaalsberig self het Paulus ook toeligting oor bepaalde aspekte van die Nagmaal gegee. Hierdie toeligting word gevind in 1 Korintiërs 10:16,17 en 11:26. Die aspekte wat hy toelig, is wel by die meeste van die ander Nagmaalsberigte aanwesig, maar slegs implisiet. Paulus bring die aspekte eksplisiet na vore.

Veral die volgende drie aspekte van die Nagmaal word op hierdie wyse deur Paulus aan die orde gestel, naamlik die gedagtenis-aspek (11:24,25), die verkondigings-aspek (11:26) en die aspek van gemeenskap (10:16,17). By die bestudering van die betekenis en inhoud van die Nagmaal is dit noodsaaklik dat besondere aandag aan bogenoemde drie aspekte gegee word. Derhalwe is hierdie artikel daarop gerig om die openba-

ringshistoriese plek van gedagtenis, verkondiging en gemeenskap ten opsigte van die Nagmaal uit te lig.

## 1. Probleemstelling

Versteeg (1980:85-64) dui aan hoedat verlede, hede en toekoms in die sakrament van die Nagmaal op merkwaardige wyse byeengebring word. Nagmaal is gebou op gebeurtenisse van die verlede, word in stand gehou in die hede, en reik uit na die toekoms. Die verlossing deur die kruisdood van Christus (verlede), die heiligmaking van die gelowige (hede) en die heerlikmaking by die wederkoms (toekoms) is in die viering van die Nagmaal helder voor die gees (vgl. Berkouwer, 1949:551-556).

Op die oog af lyk dit of ook die drie aspekte van gedagtenis, verkondiging en gemeenskap netjies in die raamwerk van verlede, hede en toekoms inpas. By wyse van 'n soort *klank-eksegese* sou die volgende kits-gevolgtrekking dan gemaak kon word: die Nagmaal is 'n gedagtenis aan die verlede, 'n verkondiging in die hede en gemeenskap wat uitreik na die toekoms. So 'n uiteensetting sou egter 'n oorvereenvoudiging van die verhoudings wees. Wanneer die instellingsberigte van die Nagmaal enigsins meer indringend bestudeer word, blyk dit dat elk van die drie aspekte op 'n eie manier verband hou met verlede, hede en toekoms. Hierdie artikel is daarop toegespits om uit 'n eksegeties-openbaringshistoriese studie van die instellingsberigte van die Nagmaal nie net die plek van gedagtenis, verkondiging en gemeenskap as onderskeie aspekte van die Nagmaal uit te lig nie, maar ook om die verhouding van elk tot die verlede, hede en toekoms na te gaan.

## 2. Die gedagtenis-aspek

Die Here Jesus het die Nagmaal tot gedagtenismaaltyd verklaar toe Hy vir sy dissipels gesê het: "Doen dit tot my gedagtenis" (Grieks: εἰς τὴν ἐμὴν ἀνάμνησιν). Hierdie opdrag het Hy gegee nadat Hy die brood aan hulle uitgedeel het (Luk 22:19; 1 Kor 11:24) en ook nadat Hy die beker rondgestuur het (1 Kor 11:25). Die Here het dus self opdrag gegee dat die brood en die wyn by die Nagmaal tot 'n gedagtenis geëet en gedrink moet word.

### 2.1 Die betekenis van die woord ἀνάμνησις

Die Griekse woord wat in die 1933/53-vertaling en ook in die 1983-vertaling met *gedagtenis* vertaal word, is ἀνάμνησις. Buite die instellingsberigte van die Nagmaal

kom die woord ἀνάμνησις in die Nuwe Testament slegs een keer voor, naamlik in Hebreërs 10:3: ἀλλ' ἐν αὐταῖς ἀνάμνησις ἁμαρτιῶν κατ' ἐνιαυτόν ("Maar in die offers is daar jaar na jaar 'n herinnering aan die sondes").

In die Septuaginta word die woord ἀνάμνψσις betreklik min gebruik en die frase εἰς ἀνάμνησιν slegs een keer, naamlik in Levitikus 24:7 (" . . . die brood moet as gedenkoffer dien"). Die Septuaginta maak merendeels gebruik van 'n sinoniem vir ἀνάμνησις, naamlik die etimologies-verwante woord μνημόσυνον. In buite-Bybelse literatuur word μνημόσυνον soms gebruik in die betekenis van *geheue*, maar in die Septuaginta en in die Nuwe Testament meestal as sinoniem vir ἀνάμνησις (vgl. Bauer, 1967:527; Chenderlin, 1982:217).

Bauer (1967:57) gee die betekenis van ἀνάμνησις in die Nuwe Testament en die Septuaginta aan as *herinnering* of *aandenking*. Louw & Nida (1988, I:348) omskryf die betekenis noukeuriger as "die middel of die instrument waardeur herinnering geskied". In aansluiting hierby moet die voorsetsel εἰς as doelsaanduidend opgeneem word (vgl. Lammens, 1968: 74). εἰς ἀνάμνησιν beteken dus "met die oog op herinnering." Jesus se opdrag is dus: "Eet die brood (drink die beker) sodat daardeur 'n herinnering kan geskied. . ."

### 2.2 Die subjek en die objek van die anamnese

Wie word by die Nagmaal herinner? En waaraan? Anders gestel: wat is die subjek en wat is die objek van die anamnese by die Nagmaal? Die voor-die-hand-liggende antwoorde op hierdie vrae is dat die Nagmaalsganger herinner word, en dat hy aan Jesus Christus herinner word. In die Griekse teks is hierdie antwoorde egter nie so duidelik en vanselfsprekend nie.

In die Griekse Nuwe Testament, Septuaginta en buite-Bybelse literatuur word die objek van ἀνάμνησις (en van μνημόσυνον) normaalweg in die genitief gestel (vgl. Bauer, 1967:57). In Hebreërs 10:3, byvoorbeeld, beteken ἀνάμνησις ἁμαρτιῶν *herinnering aan sondes*. Indien die Nagmaalswoorde volgens hierdie normale patroon gestel was, sou dit waarskynlik gelui het: εἰς τὴν ἀνάμνησιν ἐμοῦ. (*tot 'n gedagtenis aan my*). In plaas daarvan word die besitlike voornaamwoord gebruik: εἰς την ἐμην ἀνάμνησιν. Die feit dat van die (normale) genitief-konstruksie afgewyk word, lei tot die vraag of ἐμην bedoel is as subjek of as objek?

Jeremias (1966:255) is van oortuiging dat ἐμήν die subjek van die anamnese aandui en dat Jesus dus sê: "Doen dit sodat julle my daardeur kan herinner . . ." Jeremias (e.a., vgl. Chenderlin, 1982:8-9) se interpretasie sluit aan by die *'azkarah-* gedagte van die

Ou-Testamentiese spysoffer (bv. Levitikus 24:7). Die spysoffer moes gebring word as 'n *'azkarah* ofte wel *herinnering* (in die Septuaginta vertaal met μνημόσυνον). Die bedoeling was om God te herinner. God moet onthou. Hy is dus die subjek van die anamnese. Ook in die Nuwe Testament is daar voorbeelde hiervan: in Handelinge 10:4 word gesê dat die gebede en aalmoese van die hoofman Cornelius "voor God in gedagtenis gekom" het (. . .ἀνέβησαν εἰς μνημόσυνον ἔμπροσθεν τοῦ θεοῦ). Hieruit blyk dit dus dat ook by die Nagmaal Jesus moontlik die subjek van die anamnese kan wees. Deur die Nagmaalsviering word Jesus Christus dan herinner, waarskynlik aan sy beloftes.

Dit is egter grammatikaal ewe moontlik dat die ἐμην van die anamnese-formule 'n objektiewe genitief verteenwoordig en dat Jesus dus sê: ". . . sodat julle daardeur aan my herinner word." Hierdie moontlikheid word 'n sterk waarskynlikheid wanneer 'n mens die Pasga-agtergrond van die Nagmaal in aanmerking neem. Openbaringshistories bestaan daar 'n onmiskenbare parallel tussen die Nagmaal en die Pasga. Jesus het immers self die geleentheid van die Paasmaaltyd gekies om die Nagmaal in te stel - en dit nie sonder rede nie. Hy het sodoende 'n duidelike verband tussen Pasga en Nagmaal gelê (Berkouwer, 1949:551-2, vgl. ook Pop, 1978:253). Waar die Pasga 'n maaltyd was om die volk Israel te herinner aan die verlossing uit Egipte, is die Nagmaal 'n maaltyd om die Nuwe-Testamentiese verbondsvolk te herinner aan die verlossing uit die sonde. By die Pasga was Israel subjek van die anamnese, en die objek was God; desgelyks by die Nagmaal is die gelowiges subjek van die anamnese, en die objek is Jesus Christus. Die Nagmaalsganger is dus die een wat moet onthou. Die gedagtenisbevel van die Nagmaal is op die gemeente gerig (Lammens, 1968:185).

Die noodsaak vir die anamnese is geleë in die swakheid van die mens. Ons is as gevolg van die sonde so swak dat die gepredikte Woord ons nie tot ware vertroue in die gekruisigde Jesus Christus beweeg nie. Daarom het die Vader ons swakheid tegemoetgekom en aan ons die Nagmaal gegee as 'n sigbare teken ter herinnering aan dit wat Hy in sy Woord aan ons bekend maak. Deur die anamnese word die kruisdood van Jesus Christus konkreet voor die Nagmaalsganger gestel en geloofstwyfel en onsekerhede word sodoende uit die weg geruim (vgl. Calvyn, s.j.:5).

### 2.3 Die inhoud van die anamnese

Vanselfsprekend is die Nagmaal nie as inhoudlose gedagtenismaaltyd ingestel nie. Net so belangrik as die gedagtenis self is die korrekte inhoud van die gedagtenis. Ten einde die korrekte gedagtenisinhoud vas te stel, moet gevra word watter inhoud die Here self daaraan gegee het.

Hierbo is aangetoon dat in Jesus se instellingswoorde die besitlike voornaamwoord ἐμὴν as objek van ἀνάμνησιν geneem moet word (" . . . tot 'n gedagtenis aan My"). Hieruit sou 'n mens kon aflei dat die gedagtenis gerig moet word op die persoon van Jesus. Soos 'n aandenking aan 'n heengegane vriend of 'n monument vir 'n gestorwe held daartoe dien dat 'n mens die persoon nie vergeet nie, so is die Nagmaal 'n gedagtenis aan die persoon van Jesus Christus sodat ons Hom nie vergeet nie. Wie die Nagmaal as 'n gedagtenis aan Jesus vier, dink daarmee terug aan die persoon van die Heiland. Dit is die standpunt van Henry (1928:15-17). So 'n beskouing verskraal die betekenis van die Nagmaals-anamnese egter te veel en kan daarom nie gehandhaaf word nie. Weliswaar staan die persoon van Jesus sentraal in die gedagtenis, maar die gedagtenis moet verder gaan as maar net sy persoon.

By die instelling van die Nagmaal het Jesus die brood en die wyn nie maar net as herinneringstekens van sy persoon (sy liggaam en bloed) gegee nie. Van die brood het Hy immers gesê: "Dit is my liggaam wat . . . gebreek word" (Lukas 22:19) en van die beker: "Dit is my bloed . . . wat uitgegiet word." Die brood en wyn moes dus heenwys na sy liggaam en bloed wat gebreek en uitgegiet word - by sy dood! Jesus se bedoeling was dus nie dat die Nagmaal bloot as 'n herinnering aan sy persoon gevier moet word nie maar as herinnering aan sy persoonlike dood. So het die apostel Paulus dit ook ingesien, want Hy skryf: "So dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here todat Hy kom".

Die Nagmaal is dus 'n gedagtenismaaltyd wat die Nagmaalsganger laat terugdink aan die kruisgebeure. Maar ook daarmee is nog nie tot die volle inhoud van die Nagmaal-anamnese deurgedring nie. Versteeg (1980:59) wys daarop dat *gedagtenis* by die Nagmaal meer is as 'n blote herinnering aan wat daar by die kruis gebeur het. Die Nagmaalsganger moet by die terugdink aan die kruisgebeure ook die betekenis daarvan deurdink.

Die parallel tussen die Pasga en die Nagmaal waarop hierbo gewys is, is ook in hierdie opsig ter sprake. Die Pasga was 'n gedagtenismaaltyd wat die uittog uit Egipte nie as blote historiese gebeurtenis gedenk het nie maar as verlossingsdaad van God. Desgelyks is die Nagmaal 'n gedagtenismaaltyd wat die kruisdood van Jesus Christus gedenk - nie as blote historiese gebeurtenis nie maar as verlossingsdaad van God. Die verlossing uit die slawerny van Egipte het juis sy volkome betekenis gevind in die verlossing van sondaars uit die slawerny van die sonde. Hierdie verlossing het juis geskied met die kruisdood van Christus.

Dat ons by die *gedagtenis* van die Nagmaal juis die heilsbetekenis van die kruisdood van Jesus moet gedenk, blyk uit Jesus se eie instellingswoorde. Volgens Paulus en Lukas sê Hy: "Dit is my liggaam wat vir julle gegee word. Doen dit tot my gedagtenis."

Jesus leer ons dus dat ons by die Nagmaal ter gedagtenis moet neem dat sy liggaam "vir ons" (Grieks: ὑπὲρ ὑμῶν = ter wille van ons, tot ons voordeel, tot ons behoud, tot ons redding) gekruisig is. By die viering van die Nagmaal moet ons dit deurdink dat Jesus Christus se kruisdood in der waarheid die eenmalige en volkome offer vir ons sondes was, waardeur Hy ons van die ewige verderf verlos het en met God versoen het.

Die gedagtenis aan die dood van die Here as openbaringshistoriese gebeurtenis strek nog verder: dit het ook eskatologiese inhoud. 'n Aanduiding hiervan is Jesus se woorde by die instelling van die Nagmaal: "Ek sal sekerlik nie drink van die vrug van die wynstok voordat **die koninkryk van God gekom** het nie" (Luk 22:18; Mat 26:29; Mark 14:25). Hierdie gedagte word verder bevestig deur 1 Korintiërs 11:26: "... die dood van die Here **totdat Hy kom**." By die Nagmaalsviering hou ons gedagtenis dus nie by sy dood op, asof Hy steeds in die graf is nie. Die gedagtenis omvat ook sy opstanding en sy hemelvaart en strek selfs tot by die wederkoms. Die Nagmaal is dus gedagtenis van die dood van Hom wat ook opgestaan het en lewe en wat kom. Hieruit is dit duidelik dat die gedagtenis-aspek van die Nagmaal gerig is op verlede, hede én toekoms.

### 2.4 Die aard van die anamnese

Gedagtenis kan op een van twee maniere geskied: dit kan 'n saak van die verstand wees, of dit kan 'n saak van die hart wees (vgl. Versteeg, 1980:59). By verstandsgedagtenis onthou jy 'n gebeurtenis wat plaasgevind het as iets van die verlede. By die gedagtenis van die hart is die gebeurtenis tot so 'n mate in jou gedagtes vasgelê dat dit steeds jou hele lewe bepaal.

So word dikwels in die Ou Testament gesê dat Israel die Here vergeet het (bv. Jesaja 17:10). Die bedoeling is nie dat Israel die Here nie onthou het nie. Inteendeel, hulle het God met die geheue onthou, maar hulle het Hom nie meer in gedagtenis gehou nie. Vir hulle was Hy nie meer in die sentrum van hulle lewe as die Een wat hulle lewe bepaal nie. Hulle het nie meer op die Here vertrou nie. Hulle gedagtenis aan die Here was 'n verstandsgedagtenis en nie 'n gedagtenis van die hart nie. Daarom omvat die begrip *gedagtenis* in die Ou Testament die volgende elemente (vgl. Pop, 1978:254):

* Gods dade van die verlede word deur gedagtenis 'n werklikheid in die hede, en 'n bron van krag, bemoediging en aansporing tot trou.
* Die bedoelde vrug van die gedagtenis is die verlewendiging van die geloof, hoop en liefde.

* Gedagtenis is nie soseer nadenke nie as om te lewe in ooreenstemming met dit wat in gedagtenis gebring word.
* *Gedagtenis* is dikwels sinoniem met *ontferming*.

Teen hierdie Ou-Testamentiese agtergrond moet ook die aard van die gedagtenis in die Nuwe Testament beskou word. By die opdrag "doen dit tot my gedagtenis" in 1 Korintiërs 11:26 bedoel Jesus dat ons Hom in gedagtenis sal hou deur Hom in die hart te gedenk as ons lewensbepalende Heiland. By die Nagmaal moet ons opnuut ons geloofsvertroue op Hom as die volmaakte Offer vir ons sondes rig. Die sekerheid dat ons in Hom volkome met God versoen is en erfgename van die beloftes van God is, moet by die Nagmaalsgedagtenis in ons harte groei. Die gedagtenis aan die soenoffer van Jesus Christus is dus nie 'n gedagtenis wat maar net na die verlede teruggryp nie, maar 'n gedagtenis wat die lyn van verlede na hede duidelik deurtrek: ons is daarvan verseker dat ons - op grond van Jesus Christus se kruisdood in die verlede - nou verlostes is, kinders van God, met Hom versoen, sy erfgename (vgl. Ridderbos, 1971:470).

Die gereformeerde beskouing oor die betrokkenheid van hede en verlede by die gedagtenis-aspek van die Nagmaal verskil dus radikaal van die Roomse beskouing. Rome betrek die offer van Christus by die hede deur 'n *onbloedige herhaling* daarvan in die mis (vgl. Versteeg, 1980:60). Die gedagtenis aan die gekruisigde Christus vind dus plaas deur Hom by herhaling as't ware weer aan die kruis vas te spyker. Uit die Skrif is dit egter duidelik dat die offer van Christus aan die kruis eenmalig in die verlede, onherhaalbaar en volkome was (Hebreërs 9:24-26). By die Nagmaal word sy kruisdood in gedagtenis gebring deur die heilsbetekenis daarvan in die hede opnuut met dankbaarheid te deurdink en met 'n gelowige hart daaraan vas te hou as die enigste grond vir ons saligheid.

Wie dus waarlik die Nagmaal as gedagtenismaaltyd wil onderhou, moet homself deeglik daarvoor voorberei. Die gedagtenis eis immers van die Nagmaalsganger

* kennis van wat aan die kruis en by die opstanding gebeur het - in die verlede;
* kennis van die betekenis van die kruis- en opstandingsgebeure;
* 'n vaste vertroue dat die heilsbetekenis van die kruis en opstanding "nie net vir ander nie maar ook vir my geld" (vgl. Kategismus Sondag 7) - nou, in die hede.
* sekerheid dat Christus weer kom - in die toekoms.

## 3. DIE VERKONDIGINGS-ASPEK

Bo en behalwe die gedagtenis-aspek is daar by die Nagmaal ook 'n verkondigings-aspek betrokke. Dit blyk uit die woorde wat Paulus in 1 Korintiërs 11:26 aan die Nagmaalsberig toevoeg: "Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom". Met hierdie woorde word die Nagmaal ten nouste betrek by verkondiging. Om aan die verkondigings-aspek van die Nagmaal reg te laat geskied, moet die aard en omvang van die verkondiging so duidelik as moontlik vasgestel word.

### 3.1 Die betekenis van die woord καταγέλλειν

Die Griekse woord wat in beide die 1933/53- en die 1983-vertalings as *verkondig* weergegee word, is καταγέλλετε. Aldus Bauer (1967:410) dra die woord καταγέλλειν regdeur die Nuwe Testament die betekenis van *proklameer, bekend maak, aankondig, verkondig.* In die Septuaginta word die woord nie gebruik nie; wel in die apokriewe boeke en in die vroeg-Christelike literatuur, steeds met dieselfde strekking as in die Nuwe Testament.

Louw & Nida (1988:204) dui aan dat die werkwoord καταγέλλειν in onderskeid met die werkwoorde ἀγγέλλειν, ἀναγγέλειν, ἀπαγγέλλειν en διαγγέλλειν die klem laat val op die omvang van die verspreiding van die boodskap wat verkondig word. Paulus gebruik dus die werkwoord καταγγέλλειν om daarmee aan te dui dat by die Nagmaal die boodskap van die dood van die Here oor 'n wye gebied (regoor die wêreld!) verkondig moet word.

### 3.2 καταγγέλλετε 'n indikatief of 'n imperatief?

Die werkwoordsvorm καταγγέλλετε in 1 Korintiërs 11:26 kan óf op 'n indikatief óf op 'n imperatief dui. As dit 'n indikatief sou wees, sou dit 'n feit konstateer: "Met die Nagmaalsviering verkondig julle die dood van die Here . . ." Indien dit 'n imperatief sou wees, sou dit 'n opdrag stel: "By die Nagmaalsviering moet julle die dood van die Here verkondig." Is die verkondiging van die Nagmaal feit of bevel?

Die twee Afrikaanse Bybelvertalings gee die verkondigings-aspek in 1 Korintiërs 11:26 as 'n feit weer. Die vertalers het dus aanvaar dat καταγγέλλετε indikatief is, in aansluiting by die verklaring van teoloë soos Grosheide (s.j.:143), Berkouwer (1949:-554) en Ridderbos (1971:471). Volgens hierdie verklaring is die verkondiging nie 'n opdrag wat uit die Nagmaalsviering voortvloei nie maar vind dit feitelik in die Nag-

maalsviering plaas. Die verkondiging is in die Nagmaalsviering ingebou: deur die Nagmaal te vier, verkondig die gelowige die dood van die Here - sonder woorde. Hierdie verklaring verleen aan die werkwoord καταγγέλλειν die betekenis van *om nie met woorde nie maar met die daad te verkondig* - weliswaar 'n ongewone betekenis vir die woord (vgl. Bauer,1967:410).

Dit moet in gedagte gehou word dat 1 Korintiërs 11:26 nie deel van die instellingswoorde van die Nagmaal is nie. Vers 24 en vers 25 bevat die eie woorde van Jesus in die eerste persoon, maar vers 26 bevat kommentaar wat Paulus by die Nagmaalsberig voeg. Dat dit wel die geval is, word bevestig deur die feit dat die woorde van vers 26 in die derde persoon na "die Here" verwys, wat tog nie die normale manier is waarop 'n persoon na homself verwys nie, en verder deur die feit dat die woorde in nie een van die ander instellingsberigte voorkom nie. Paulus noem dus in vers 26 'n saak met betrekking tot die Nagmaal wat direk verband hou met die gemeente in Korinte en hulle omstandighede. Uit verse 17-22 blyk dat daar in die Korintiese gemeente skeuring bestaan het: die rykes het hulleself hoër as die armes geag (vgl. Grosheide, s.j.:141) en by die liefdesmaaltye wou hulle nie saam met die armes aan tafel sit nie. Om hulle te vermaan, verwys Paulus dan na die Nagmaal (vers 23-25). Sy vermaning (v.26) kom op die volgende neer:

> Julle lewe bevat 'n gruwelike dubbelslagtigheid. Aan die een kant vier julle die Nagmaal, waarmee julle die dood van die Here verkondig; aan die ander kant kan julle mekaar nie verdra nie. Julle kan mos nie mekaar verag en daarmee saam (deur die Nagmaal) die dood van die Here wil verkondig nie!

Hiervolgens beskou Paulus die viering van die Nagmaal op sigself as verkondiging - 'n feit wat hy konstateer by wyse van 'n indikatiewe werkwoord.

In die jongste literatuur word meestal aanvaar dat καταγγέλλετε imperatief is (o.a. Lammens, 1968:323, Pop, 1978:256, en Versteeg, 1980:61). Volgens hierdie verklaring is 1 Kor 11:26 'n opdrag aan die gelowiges om, so dikwels as hulle die Nagmaal vier, daarby die dood van die Here (met die mond) te verkondig. As belangrikste argument vir hierdie verklaring word aangevoer dat die werkwoord καταγγέλλειν in bekende literatuur deurgaans op mondelinge verkondiging dui, en nêrens op daadverkondiging nie. Ook by die Nagmaal moet die verkondiging dan mondeling geskied. Die verkondigingsaspek van die Nagmaal val nie met die eet van die brood en die drink van die wyn saam nie, maar is tog onlosmaaklik daaraan verbonde. Versteeg (1980:61) verduidelik die verband tussen die Nagmaal en die verkondiging soos volg: "De handeling van de viering van het avondmaal is als zodanig nog geen verkondiging, maar *vraagt wel om verkondiging*" (kursivering - GJCJ). Wie van die brood en die beker 'n ware gedagtenismaaltyd (soos hierbo in 3.4 aangedui is) maak, word daardeur gedring

om die dood van Christus ook met die mond te verkondig.

Hierbo is oorweging geskenk aan een van twee moontlikhede: die verkondigingsaspek van die Nagmaal is òf 'n feit òf 'n opdrag. 'n Derde moontlikheid verdien egter sterk oorweging, naamlik dat dit sowel feit as opdrag is. Deur die Nagmaalsviering self word die dood van die Here verkondig, maar dit dring die Nagmaalsganger daartoe om die daadverkondiging op te volg met mondelinge verkondiging. Calvyn het hierdie standpunt gehuldig. Hy skryf (1979:384):

> "Not that the remembrance consists wholly in the confession with the mouth; for the chief thing is, that the efficacy of Christ's death be sealed in our consciences; but this knowledge should stir us up to a confession in respect of praise, so as to declare before men what we feel inwardly before God."

Die mondelinge verkondiging by die Nagmaal is dus in der waarheid 'n lofprysing aan God oor sy groot verlossingsdade. Hierby sluit die Nagmaalsformulier pragtig aan deur die Nagmaalsviering direk op te volg met die lofprysing van Psalm 103 en dan af te sluit met die woorde: "Daarom sal ons mond en hart die lof van die Here verkondig van nou af tot in ewigheid".

Die lofprysing vind ook verder plaas deur lofpsalms wat die gemeente aan die einde van die viering sing. Ook daarmee word die lof van die Here verkondig. Versteeg (1980:62) wys daarop dat die verkondigingsaspek van die Nagmaal 'n verkondiging van die dood van die Here moet wees. Daarom doen hy aan die hand dat die Nagmaalsviering in die erediens opgevolg word deur 'n lied of 'n liturgiese formule waarin belydend die dood van die Here geproklameer word. Versteeg se voorstel het meriete, maar, soos hierbo aangedui is, gaan die Nagmaal nie net oor die historiese gebeurtenis van die dood van die Here nie maar veral oor die openbaringshistoriese betekenis van sy dood. Juis laasgenoemde moet verkondig word. En dan is 'n loflied oor die liefde en genade van God ewe van pas.

Die verkondiging wat op die Nagmaal volg, moet egter nie tot die erediens beperk bly nie. Versteeg (1980:62) sê die verkondiging moet "niet tot een moment in de avondmaalsliturgie beperkt blijven". Die gelowige se hele lewe moet 'n verkondiging van die dood van die Here word. Ook wanneer hy na afloop van die Nagmaalsviering huis toe gaan, moet sy woorde en dade daarvan getuig dat hy seker is dat hy deur die kruisdood van Jesus Christus verlos is van die verderf. Die gedagtenis van die Nagmaal dring die gelowige daartoe om die groot genade van die Here te bly verkondig - in woorde en in dade.

Die verkondigingsaspek van die Nagmaal bind verlede, hede en toekoms aan mekaar.

Dit berus op en het tot inhoud die dood van die Here in die verlede. Dit vind voortdurend plaas in die hede en getuig van die ryke openbaringshistoriese betekenis wat die dood van die Here steeds in die hede dra: 'n nuwe lewe in versoening met God! Terselfdertyd verkondig dit dat die nuwe lewe wat daar deur die dood van Christus vir die gelowige gekom het, steeds 'n voorlopige karakter dra. Die Nagmaal verkondig en dring die gemeente om te verkondig dat ons vorentoe kyk na die voleinding wat met die wederkoms van Christus sal aanbreek (Ridderbos, 1971:472). So reik die verkondiging van die Nagmaal uit na die toekoms. Dit spreek met groot sekerheid van 'n heerlike toekomsverwagting waarvan die gelowiges verseker is deur die dood van die Here.

## 4. Die gemeenskapsaspek

Matteus berig dat Jesus nadat Hy die brood uitgedeel het, vir sy dissipels gesê het: "Neem, eet", en nadat Hy die beker uitgedeel het: "Drink almal daaruit" (Matteus 26:26,27). In die handeling van eet en drink lê die gemeenskapsaspek van die Nagmaal opgesluit. Dat dit die geval is, blyk nie uit die instellingsberig self nie maar uit die toeligting wat Paulus gee. Spesifiek in 1 Korintiërs 10:16,17 word gewys op die gemeenskapsbetekenis van die brood-eet en van die beker-drink. Paulus skryf:

> "Die beker van danksegging . . . is dit nie die gemeenskap met die bloed van Christus nie? Die brood wat ons breek, is dit nie die gemeenskap met die liggaam van Christus nie? Omdat dit een brood is, is ons almal een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood."

In hierdie verse is veral twee woorde van groot belang, naamlik gemeenskap (Grieks: κοινωνία) en deel hê (Grieks: μέτεχειν).

### 4.1 Die betekenis van κοινωνία en μέτεχειν

Bauer (1967:439-440) gee die betekenis van κοινωνία aan as *assosiasie, gemeenskap, noue verwantskap* of *'n teken daarvan*. Louw & Nida (1988:446) gee 'n vollediger omskrywing van die betekenis van κοινωνία : " 'n verhouding wat 'n noue onderlinge verbintenis en betrokkenheid by mekaar veronderstel". Lammens (1968:326-7) dui aan dat κοινωνία meer inhou as om 'n saak met iemand anders gevoelsmatig saam te beleef. Hy is van oordeel dat die woord nie met "gemeenskap" vertaal moet word nie maar eerder met "aandeel aan" (" . . . is dit nie die aandeel aan die liggaam/bloed van Christus nie?").

Lammens (1968:327) wys verder daarop dat κοινωνία ἔχειν 'n sinoniem is vir die μετέχειν van vers 17: " ... ons het almal deel aan die een brood"). Beide κοινωνία en

μετέχομεν word opgevolg deur die genitief. Dit is die algemeen gangbare manier in Grieks om die objek by hierdie werkwoorde aan te dui. Die saak waarmee daar gemeenskap is, word in die genitief gestel. Paulus gee egter 'n resiproke karakter aan die genitief. Die genitief dui die saak aan wat aandeel gee en wat aandeel ontvang (Lammens, 1968:327).

Die vraag is nou: waaraan of aan wie verkry die Nagmaalsganger aandeel? Waarmee of met wie kry hy gemeenskap? Uit Paulus se toeligting is dit duidelik dat die gemeenskap 'n gemeenskap is met Christus, en ook 'n gemeenskap met die mede-gelowiges.

## 4.2 Gemeenskap met Christus

In 1 Korintiërs 10:16 word geleer dat die brood en wyn teken is daarvan dat ons deel kry aan die liggaam en die bloed van Christus. Hierbo is reeds aangetoon dat die liggaam en bloed van Christus nie net op die persoon van Jesus Christus dui nie maar op sy kruisdood; ook dat die Nagmaal nie net sy historiese kruisdood in gedagtenis roep nie, maar inderdaad die openbaringshistoriese betekenis van sy kruisdood. As ons dan aan die liggaam en bloed van Christus deel kry, beteken dit dat ons deel kry aan die betekenis van sy kruisdood, dit is aan die vergewing van sondeskuld en aan die versoening met God.

Die brood en wyn is teken, maar ook seël - dit beseël by ons die sekerheid oor die sake waarvan dit ook teken is. Dit verseker ons dat ons waarlik deel het aan die skuldvergiffenis en versoening wat Christus deur sy kruisdood bewerk het. Hoe bewerkstellig dit die versekering? Deur 'n magiese werking buite Christus om? Nee, want die Nagmaal staan nie los van die Here nie en besit geen krag buite die Here om nie. Juis die mens met wie Christus in gemeenskap is, word deur die Nagmaal van die gemeenskap van Christus verseker. Ridderbos (1971:467) verduidelik die aangeleentheid soos volg:

> "Brood en drinkbeker, als gemeenschap aan het liggaam en bloed van Christus, zijn niet in die zin heilsmiddelen, dat zij de presentie van Christus tot stand brengen, maar juist omgekeerd brengt de tegenwoordigheid van Christus, als de Heer van zijn tafel, door middel van brood en wijn de gemeenschap met zijn liggaam en bloed, de participatie in zijn offer, tot stand".

Dus: deur die brood en wyn verseker Christus die Nagmaalsganger dat Hy reeds in gemeenskap met hom verkeer, en hy met Hom (vgl. ook Grosheide, s.j.:125). Hierdie gemeenskap, soos aangedui, het 'n wederkerige karakter: Christus is in ons en ons is in Christus (vgl. Floor, 1982:70vv.). Hoewel die gemeenskap reeds bestaan, moet dit steeds meer en meer verinnig en versterk word. Juis daartoe het Jesus Christus die

Nagmaal gegee.

### 4.3 Gemeenskap met mekaar

Benewens die gemeenskap met Christus, verkondig die Nagmaalsviering ook gemeenskap van die gelowiges met mekaar. Dit blyk uit Paulus se woorde in 1 Korintiërs 10:17:

> "Omdat dit een brood is, is ons almal een liggaam,
> want ons het almal deel aan die een brood."

Met hierdie woorde het hy die Korintiërs bestraf oor hulle onderlinge verdeeldheid. Die woorde sluit inhoudelik en terminologies ten nouste aan by die Nagmaal: Paulus gebruik die "Nagmaalswoorde" brood en liggaam maar maak 'n nuwe toepassing van die betekenis daarvan. By die instelling van die Nagmaal het Jesus brood as teken van sy liggaam aangewend. Aan die feit dat dit een brood was, het Hy egter nie enige betekeniswaarde gekoppel nie. Trouens, Hy het, soos wat die gewoonte destyds was, die brood gebreek en uitgedeel. In die Korintiërbrief word die eenheid van die brood egter verhef tot 'n simbool van die eenheid van die gemeente.

Jesus het ook verwys na "my liggaam". Met hierdie woorde het Hy, soos aangedui is, sy kruisdood en die betekenis daarvan in die oog gehad. In 1 Korintiërs 10 gebruik Paulus die woord "liggaam" egter as beeld van eenheid, soos in 1 Korintiërs 12:12-27. Met die woorde "ons is een liggaam" verwys hy in geen opsig na die kruisdood van Christus nie maar verwys hy na die gemeente wat een moet wees net soos die menslike liggaam een is.

Paulus het die beeld van een brood en een liggaam gebruik om die Korintiërs oor die verdeeldheid in die gemeente aan te spreek: net soos 'n brood één is en soos 'n mens se liggaam één is, so moet die gemeente ook één wees. Paulus betrek die vermaning eventueel tog by die Nagmaal, deur te sê: "Ons het almal deel aan die een brood". Daarmee verwys hy na die gemeenskaplike maaltyd. Sy bedoeling is om te sê: "As julle bereid is om by die Nagmaal saam van een en dieselfde brood te eet, hoe kan julle buite die Nagmaalstafel om wil optree asof daar geen eenheid tussen julle bestaan nie?"

Sodoende kom daar 'n noue verband tussen die gemeenskap met Christus en die gemeenskap met mekaar. Waar die onderlinge gemeenskap met mekaar ontbreek (soos in Korinte), kan daar weinig sprake wees van 'n egte gemeenskap met Christus. Aan die ander kant is die onderlinge gemeenskap met mekaar juis gewortel in die gemeenskap met Christus ("Ons het almal deel aan die een brood").

Net soos die gemeenskap met Christus oorsaak en gevolg van die Nagmaalsviering is, is ook gemeenskap met mekaar sowel oorsaak as gevolg van die Nagmaalsviering. Niemand kan met vrymoedigheid Nagmaal vier as hy nie reeds deur die onderlinge geloofsgemeenskap aan die gemeente verbind is nie. 'n Heerlike gevolg van die Nagmaalsviering is dat die onderlinge geloofsgemeenskap in Christus verstewig is. Wanneer medegelowiges van die Nagmaalstafel af opstaan, is hulle verenig in die sekerheid van skuldvergiffenis en versoening deur die kruisdood van Christus; eendragtig in hulle sekerheid van die inwoning en kragtige werking van die Gees; eendragtig in hulle hoop op die sekere wederkoms van Christus wanneer Hy alles tot volmaaktheid sal herskep. So kom verlede, hede en toekoms byeen in die gemeenskapsaspek van die Nagmaal.

## 5. SAMEVATTING

Uit die toeligting wat die apostel Paulus in die eerste Korintiërbrief oor die Nagmaal gee, blyk dit dat die verskillende aspekte van die Nagmaal in een sentrale punt saamtrek, naamlik **die betekenis van die kruisdood van Jesus Christus**, en dat hierdie sentrale punt betekenis kry in verlede, hede en toekoms:

* In die verlede het Jesus aan die kruis gesterf as offer vir ons sondes om ons daardeur met God te versoen en te verlos van die verderf.
  Hierdie feit word by die viering van die Nagmaal in gedagtenis gebring en verkondig. Hierdie feit is die grond van ons gemeenskap met ons medegelowiges.
* In die hede is die opgestane Christus deur sy Gees by ons teenwoordig en bewerk hy die geloofsekerheid in die hart van die gemeente.
  Hierdie feit word by die viering van die Nagmaal in gedagtenis gebring deur ons harte tot die lewende Christus te verhef en die inwoning van sy Gees as die leidinggewende aspek van die lewe te handhaaf. Hierdie feit word deur die woorde en dade van die gelowige verkondig. Hierdie feit is die grond van ons gemeenskap met Christus en bind die gemeente onderling in gemeenskap met mekaar saam.
* In die toekoms sal Christus weer kom om sy werk te voleindig.
  Hierdie feit word in gedagtenis gebring deur die viering van die Nagmaal as heenwysing na die Bruilofsmaal van die Lam. Hierdie feit word verkondig deur die voorlopige karakter van die Nagmaal en die lewe van die gelowige. Deur hierdie hoop word die gelowiges aan Christus en aan mekaar tot gemeenskap verbind.

## 6. BIBLIOGRAFIE


RARRETT, C.K. 1968. A commentary on the first epistle to the Corinthians. Black's New Testament commentaries. Londen : A.S. Black.

BAUER, W. 1967. A Greek-English lexicon of the New Testament and other early Christian literature (Translated by W F Arndt & F W Gingrich). Cambridge : University Press.

BERKOUWER, G.C. & Toornvliet, G. *red.* 1949. Het dogma der kerk. Groningen : Haan.

CALVYN, J. 1979. Commentary on the epistles of Paul the apostle to the Corinthians (Translated by J Pringle). Calvin's Commentaries XX. Grand Rapids : Baker.

CALVYN, J. s.j. Korte verhandeling over het heilig Avondmaal van onzen Here Jezus Christus (Vertaald door A J Adam). Opbouw-reeks no. 1. Grand Rapids : Baker.

CHENDERLIN, F. 1982. "Do this as my memorial"; the semantic and conceptual background and value of 'Ανεμμνησις in 1 Corinthians 11:24-25. Rome : Biblical Institute Press.

FLOOR, L. 1982. Perspektiewe op die prediking van Paulus. Pretoria : NG Kerkboekhandel.

GROSHEIDE, F.W. s.j. Paulus' eerste brief aan de kerk te Korinthe. Korte verklaring der Heilige Schrift. Kampen : Kok.

HENRY, M. 1928. Aan zijne tafel; onderwijzingen tot het recht gebruik van des Heeren Heilig Avondmaal. Kampen : Kok.

JEREMIAS, J. 1966. The eucharistic words of Jesus (translated by Norman Perrin). New York : Charles Scribner.

LAMMENS, G.N. 1968. Tot zijn gedachtenis; het commemoratieve aspect van de avondmaalsviering. Kampen : Kok.

LOUW, J.P. & NIDA, E.A. 1988. Greek-English lexicon of the New Testament based on semantic domains, 2 vols. New York : United Bible Societies.

POP, F.J. 1978. De eerste brief van Paulus aan de Corinthiërs. De prediking van het Nieuwe Testament. Nijkerk : Callenbach.

RIDDERBOS, H. 1971. Paulus; ontwerp van zijn theologie. Kampen : Kok.

VERSTEEG, J.P. 1980. Het avondmaal volgens het Nieuwe Testament, *In* Van't Spijker, W, e.a. *red.*, Bij brood en beker. Goudriaan : De Groot, p. 9-64.